ISSN 0258-0152

# SWART OP WIT

j g 2/2 vere et iucunde Mei 1986

# TREKPAS AAN DIE DOMPAS (éN BESKAWING?)

Vir vryheid is die afskaffing van instromingsbeheer 'n reuse-tree vooruit. Of dit ook 'n stap vooruit is vir die beskawing, sal die geskiedenis leer.

Dat die Staat, of die Owerheid, wat die orde moet handhaaf, daarvoor kans sien, kan die kerk alleen maar verwelkom. Die kerk weet nie beter nie. Ook nie die Algemene Sinode nie. Dit het juis in die verlede op die weg van die kerk gelê om by die Owerheid navraag te doen oor die euwels van trekarbeid.

* * *

Derdejaarstudente in Staatsleer plaaslik moes onlangs 'n werkstuk doen oor die huidige onderhandelingsproses tussen Swart en Wit, die Statutêre Raad ensovoorts. En ek het hulle hoor sê, nadat hulle na al die standpunte, links en regs én swart geluister het: Daar is net één van twéé: òf oorlog, òf emigrasie.

Ek het mooi geluister want dit is nie reaksionêre studente nie.

Hulle sê die Swartes sal nie onderhandel nie, want hulle glo die Wittes eenvoudig nie. En met reg, want die Wittes sal nié die gesag waarlik en wesenlik uit hulle hande laat gaan nie. Hulle wil onderhandel vir 'n bedeling waarin hulle tog nog die finale sê het. Ek sê dit nie. Ek hoor die studente sê so.

* * *

Wat het die kerk met hierdie harde werklikheid, swart op wit, te maak?

Ten spyte van die (skynbaar) ingewikkelde debatte in Die Kerkbode en elders oor God wat die nasies apart gemaak het — wie het dan tog nou weer die Kleurlinge gemaak? — glo ek steeds kinderlik dat die oplossing vir Suid-Afrika se volkereprobleme nêrens so helder in die Bybel staan soos in Paulus se brief aan Titus en die Kretensers nie. Daar is nie net twéé moontlikhede — skiet of emigreer — nie, daar is ook nog die moontlikheid en die werklikheid van die evangelie.

Die moontlikheid van die evangelie is nie revolu-

## VERE ET IUCUNDE: WAAR EN LEESBAAR


**Hoe om kerkraadsvergaderings te waardeer**

**Abisag se nagmerrie**

**Josef se verleentheid met Maria se swangerskap**

**Hoe om met alle soorte Christene te skakel**

**God en die geskeidene**

**Waarom ons die Kategismus moet leer as ons die Bybel het**

**Winklespruit en die verbond**
**Die eerste kortverhaal in Swart op Wit**

**TREKPAS EN DOMPAS**
**van bl. 1**

sionêre demokrasie nie. Revolusionêre demokrasie is die dwangbuis van die Westerse Humanisme waarin ons sit omdat dit aan die orde van die dag is.

Paulus skryf aan Titus, sy raakvatter op Kreta, dat hy, Paulus, weet hoe moeilik Titus se werk daar is. Hulle eie filosoof, Epimenides, het ses eeue te vore al gesê "die Kretensers is altyd leuenaars, ongediertes, lui vrate." En dan skryf Paulus nie Epimenides af nie, hy stem met hom saam. "Hierdie getuienis is waar." (1:13)

Maar Paulus skryf ook nie die Kretensers af nie.

(Let intussen wel: Ek sê nie ons swart volkere is van nature so sleg soos die Kretensers nie. Myns insiens is hulle oor die algemeen veel beter. As jy na die sedes en gewoontes van dié in en naby stamverband kyk, is hulle minstens so goed soos die Israeliete in die Rigtertydperk, en op dieselfde beskawingspeil. Dit gaan slegs oor die argument. Wat gaan Paulus in hierdie gegewe situasie doen?)

Hy skryf die Kretensers nie af nie.

Hy skryf uitvoerig aan Titus oor hoe hy orde op sake moet kry. Hy moet "orde bring" deur in "elke dorp" ouderlinge aan te stel. ( 1:5 ) Hierdie ouderlinge moet "onberispelik" van gedrag wees, aan sy eie vrou trou, sy kinders gelowig en nie losbandig nie en nie in opstand teen gesag nie. ( 1:7 ) Die feit dat hy dit so stipuleer bewys, in dié opset, dat daar baie is wat nie aan die vereistes beantwoord nie.

Verder moet hulle "nie aanmatigend en opvlieënd" wees nie, nie dronkaards of rusiemakers nie, nie finansieel korrup nie (1:17), gasvry, "lief vir wat goed is", verstandig, regverdig, vroom, selfbeheersd. (1:8)

Jy moet hulle streng teregwys (1:13), jy moet hulle vasvat, skryf hy aan Titus, "sodat hulle gesond kan word in die geloof. Verkondig aan hulle die gesonde leer. (2:1) Die ouer mans moet "nugter" wees, "eerbaar", "verstandig", "gesond en vas in die geloof, liefde en volharding." Die ouer vrou moenie "kwaadpraat of aan drank verslaaf wees nie" – wat 'n toestand! (2:3) Hulle moet die jonger vrouens leer om "liefdevol teenoor hulle mans en kinders" te wees; "goeie huisvrouens" en "onderdanig aan hulle mans". (3:4,5) Ook die jonger mans moet verstandig wees. (3:6)

En kyk wat skryf die evangelie van die slawe: "Die slawe (lees: diensknegte) moet in alles aan hulle eienaars onderdanig wees en hulle tevrede stel. Hulle moenie teëpraat of iets vat nie; hulle moet bewys dat hulle in alles betroubaar is." (2:9,10)

Waarom doen Paulus Titus al die moeite aan? Waarom sê hy nie: Los Titus, hulle sal nooit verander nie? Kom Noord-Europa toe. Die Nordiese rasse is inherent beter.

Want: "Die genade van God wat verlossing bring, het ... aan álle mense verskyn." (2:11) Daar is nie so 'n ding dat daar 'n mens of 'n volksaard kan wees wat sterker is as die genade van God nie. Dít is die moontlikheid van die evangelie. "Dit voed ons op om die goddelose leefwyse ... te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe (2:12) terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag." (2:13)

**REVOLUSIONêRE DEMOKRASIE – EEN MENS, EEN STEM – IS NIE DIE OPLOSSING VIR SUID-AFRIKA SE VOLKERE-PROBLEMATIEK NIE. DIE EVANGELIE IS DIE OPLOSSING – DAT GOD SE GENADE STERKER IS AS DIE TAAISTE SONDE. DIS NIE 'N KORTTERMYN-OPLOSSING NIE**

Hier is sommer in 'n eenvoudige sinnetjie ook die verhouding tussen hiernamaals en hiernoumaals waaroor tog so geleerd gebasel kan word.

Maar Paulus is nog nie klaar nie.

"Herinner die mense nadruklik daaraan dat hulle hulle aan owerheid en gesag moet onderwerp, daaraan gehoorsaam moet wees en bereid moet wees om alles te doen wat goed is." (3:1) Paulus gaan nie in op waar die owerheid van die dag vandaan kom nie, doktore Boesak Naudé en Tutu. Hy eis nie eers 'n verskoning van die Keiser nie.

Hy doen sy werk.

En dan herinner hy Titus daaraan dat "ons" ook vroeër "onverstandig" was, en "ongehoorsaam", op die "verkeerde pad, verslaaf aan allerlei begeertes en singenot". (3:3) In die sonde is ons almal gelyk voor God.

**Na bl. 14**

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/2 MEI 1986

# KRUIS EN MUNT

'n Rubriek oor alles en wat

Manie Malan

## Kinderdoop en vroeggestorwe kinders

Ek skuld 'n groot-doop-vriend etlike jare al 'n antwoord oor die kinderdoop. Mnr. B.H.A. vd Berg van êrens in Kaapstad.

Hy het my skerp gekritiseer omdat ek die kinderdoop verdedig, en onder meer gesê dat hy ook eers aan die kerk behoort het wat dié onskriftuurlike doop verdedig. Dié kerk, sê hy, het hom byna in die hel laat beland.

Toe bly ek hom maar vaspen op die vraag wat hy glo oor die bestemming van vroeg-gestorwe kindertjies, en uiteindelik het hy my per bandjie geantwoord, wat natuurlik nie 'n maklike manier van korrespondeer is nie.

Nou het ek egter weer die transkripsie mooi oorgelees, en tot my verbasing gemerk dat hy eintlik net één argument het: Klein kindertjies wat sterf gaan hemel toe omdat hulle nog nie daadsondes het nie. Hulle het wel erfsonde, maar hy is seker God sal nie iemand oor erfsonde laat verlore gaan nie.

By hiérdie redding is Christus dus uitgeskakel! Erfsonde kon jy net sowel nie sonde genoem het nie, en Christus het dan ook nie daarvoor gesterf nie.

Mnr. vd Berg, die eerste korreksie wat u in u teologie moet aanbring, is dat Christus vir álle sonde gesterf het. Jy kan die korreksie aanbring, want jy het die bekwaamheid en insig daarvoor.

Die volgende stap is: As Christus se soenverdienste ook die diepste grond vir die saligheid van die kindertjies is, kan ons hulle gerus maar doop, want dít is wat die doop vir en van hulle sê (en sertifiseer).

Of sou dié skerpsinnige man ook dink dat ons met die doop vir God iets sê? Aan Hom "gehoorsaam" is. Dan kon God mos maar die doop by die Tien Gebooie gevoeg het?

## Die Heilige Trooster

As die Heilige Gees nie uitgestort was nie, sou ons, na analogie van Jesaja, kon sê: Jesus weet nie van ons nie, en Paulus ken ons nie. Jesus self het gesê: Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie. Dít sou ons gewees het sonder die Heilige Gees.

Die Heilige Gees — dit is die Gees wat ons gebore laat word deur die Woord. Dit is die nabye God wat ons die dinge tuisbring. Hy leer ons wat inwoon en tuis-wees beteken. Sy werk is trane afdroog en troos. As jy sê: ek is skuldig, dan antwoord die Gees: jy is regverdig. Sê jy: ek is sondig, dan hoor jy: jy is heilig. Kla jy: ek is 'n vreemdeling en ek hoort nie hier nie, dan sê die Gees: jy is 'n liewe kind van God, en 'n medeburger van die heiliges, my eie huisgenoot. — Jy weet: dit is name en uitdrukkings wat geheel en al nie paslik is nie. Dit is troetelnaampies van 'n moeder wat met haar kind praat.
(Noordmans, Vers. Werk., 8/32)

## Kohlbrugge oor "alles" en "niks"

Al die sielstoestande waarin ons een of ander konkrete stuk van ons lewe, die sonde inkluis, doodmaak om in 'n ander manier van bestaan in te vlug, bring ons geen tree nader aan God nie. Inteendeel. Die "niks" waarin God "alles" wil wees, wórd ons nie deur geestelike oefeninge nie, ons ís dit omdat ons sondige mense is.
(By Noordmans, Vers. Werk., 3/509)

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/2 MEI 1986

# KERKRADE EN KOMMISSIES

Min dinge is so goor soos 'n kerkraadsvergadering. Veral as jy hom moet lei. Almal wil huis toe gaan. Hulle het 'n harde dag agter die rug. Hulle werk nie net Sondae nie. Dié wat praat weet nie wat hulle praat nie, en dié wat weet wat hulle praat, bly stil. Hulle brom net oor dié wat praat. Daarom probeer die voorsitter dié wat praat doodpraat en -verduidelik en daarom is almal naderhand vir hóm kwaad. Hý is die tydmorser. Blienkieng predikant met sy groot bek. En sny hy die bespreking kort, dan stoomroller hy alles.

## KLIPPE

Maar as hulle by die huis kom, slaap hulle soos klippe en hy hou die vergadering oor en oor en wonder waarom hy nie dan tog maar 'n prokureur of 'n afslaer geword het nie.

* * *

En tog is 'n kerkraadsvergadering ook een van die mooiste dinge wat daar in ons kerke bestaan. Al praat ons oor of die kruiwawiel van rubber of van yster moet wees, nóóit nóóit weer sal 'n pous uit Rome, Pretoria of Bloemfontein ons voorsê nie. Die kerkraad besit sy eie kerk, pastorie en dominee. Hy beskik daaroor. Hy roep hom en sorg dat hy aangestel word, en hy lê 'n klag teen hom by die Ring of die Klassis as hy hom wangedra. Nie eers die skool is so vry soos die kerk nie. Die plaaslike kerk is die vryste gemeenskapsorganisasie in die hele gemeenskap sonder enige staatsubsidie hoegenaamd. Dis 'n kosbare kleinood wat baie mooi opgepas moet word.

## YSTER

Daarom moet die goeie mense nie stilbly by die kerkraadsvergadering nie. Daarom moet hulle dadelik 'n goeie saak steun. Nie eers wag tot pruttelaars dit half verongeluk het nie. Daarom moet almal voorbereid vergadering toe gaan en die beleidsbesluite moet so geneem word dat kommissies roetine-besluite self kan afhandel. Die eiendomskommissie moet self besluit oor die rubber of die ysterwiel.

'n Kerkraad moet ook oor sy eie begroting beskik. Dis 'n onding dié dat "sinodale aanslae" so handuit ruk. Ons betaal R80 000 per jaar oor. As mens net seker was dat elke sent nodig was, maar soms wonder jy hoeveel gaan vir dik verslae in allerlei kleure afgerol en dubbelspasie getik om die kommissielede te oortuig dat die pos sy geld werd is. Intussen kom van talle verslae en bladsye niks. Ek weet. Ek het self op meer as een van die kommissies gedien. In 1979 het een my gevra om 'n traktaatjie te skryf wat ek binne 'n week gedoen het, en na hy drie keer in verskillende kantore weggeraak het, is hy nou nog nie gepubliseer nie, en die "predikant in sinodale diens" het nou al afgetree.

## SWEET

'n Ander keer het ons 'n memorandum opgestel oor hoe die kerk kan voorkom dat hy topswaar en sy agendas te lywig word, en ná die Algemene Sinode het dit sweet gekos om uit te vind wat van ons verslag geword het — voordat vasgestel is dat daar nie tyd was om hom te behandel nie. Die betrokke predikant in sinodale diens het intussen óók afgetree.

Die kerke kan gerus 'n bekwame klein kommissietjie aanstel uit nie-teologiese sakekundiges met die oog op rasionalisasie. Miskien is daar 'n makliker manier om vas te stel wie in jou kontrei aansoek gedoen het vir nuwe dranklisensies as via 'n sinodale predikant.

Maar aan die kerkrade moet julle nie raak nie. Skaf die oorbodige poste af, maar los die kerkrade uit. Met die gestoei en al is hulle vestings van die koninkryk.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/2 MEI 1986

# KOEITJIES EN KALFIES EN 'N GESLUIERDE HERDERIN

Studiegedeelte: Hoogl. 1:7,8

1:7: "Hoekom moet ek my agter 'n sluier wegsteek en by die veetroppe van jou vriende rondsoek?"

Om die liefdespel te onderbreek met koeitjies en kalfies, is onvergeeflik en uit die bose.

Liefdespel is gestruktureerde kommunikasie. Soos niks anders op hierdie aarde nie, is dit dóél-gerig. Dit loop na vervulling toe. En hierdie vervulling is die mooiste van al God se skeppingswerke, want dit is die oomblik wanneer God se skeppershand potensieel en werklik aan ons raak. En: God noem die gemeenskap tussen Hom en sy volk by presies dieselfde woord as die gemeenskap tussen 'n man en 'n vrou. Dáárom ook één man één vrou, soos één God, één kerk.

En juis omdat hierdie liefdesomgang, hierdie gemeenskap, hierdie "ken" van mekaar — wat die Ou Vertaling nog "be-ken" noem — so hemels is, spits die Bose hom daarop toe. Dis ons sagste plek, ons Achilles-hiel. Hy wil ons gemeenskap versteur. Hy wil van die beste en mooiste die slegste maak.

En hy gebruik elke moontlike middel.

Een daarvan is wellus.

Wellus is soos inflasie; soos 'n haastige hond wat sy mond verbrand. Daarom het Elizabeth Eybers vir haar kind gebid dat sy sal ontdek dat teerheid sterker as hartstog is. Wellus is om jou aan die liefde te vergryp, en met die melankolie van 'n wanstaltige vervulling bitter eensaam te wees.

Daarom moet jy reg speel. Volgens die reëls. Aandagtig. Toegespits. Luisterend. Verwagtend. Met onverdeelde aandag en toenemende oorgawe. Wie skielik praat oor die werk op kantoor of van die huisbediende, laat die brose en kwesbare twee-eenheid-in-wording maklik skipbreuk ly.

So: Géén koeitjies en kalfies nie asseblief.

Maar Abisag praat nie oor koeitjies en kalfies nie. Sy praat weliswaar oor kleinvee en troppe ("waar laat jy jou kleinvee wei...?") en (sy laat) Salomo praat oor bokkies en veewagters ("...loop maar net op die kleinvee se spore..."), maar dis geen ydele praatjies wat tere oomblikke wond en laat sterf nie. Abisag droom. Sy dagdroom. Dis eintlik 'n nagmerrie wat helder oordag soos 'n spook uit die graf van die verlede opstaan.

In die koning se kamer laat die spook haar liggies ril, maar juis deur hom op te roep of te laat verskyn, en dan onder woorde te bring, besweer sy hom. En sing sy haar vreugde uit dat dáárdie tyd verby is.

Watter tyd?

Die tyd toe sy, gesmaad deur haar broers, gewag het op Salomo om sy belofte gestand te doen. Die tyd op die plaas toe haar geloof in die koning se beloftewoorde haar, soos die verwagtende maagde, ekstra olie laat byhou het om haar liefdeslampie te laat brand as die koningsbruidegom kom.

Toe het sy in haar groot verlange gedroom-praat, en geheime gediggies op flentertjies papier geskrywe. "Sê my, liefling, waar laat jy wei? Waar rus my herder-koning siesta-tyd? As ek maar geweet het, kon ek jou gaan soek het."

En dan, as sy haar in hierdie onmoontlike soektog inleef, verwytend, klagend in haar seer liefde:

"Hoekom moet ek my agter 'n sluier wegsteek
en by die veetroppe van jou vriende rondsoek?

En dan antwoord Salomo hierdie nare droombeeld wat opgeroep word, en wat nou skadu-perspektief aan die wonder van hulle liefde gee. Dis nie werklik Salomo se woorde nie. Sy lê hom dit in die mond. Só het sy hom harteloos in haar gedagtes hoor antwoord:

As jy, mooiste, dit nie weet
bly maar spoorsny, bly maar speel
jy's self herderinnetjie — spaar jou leed
laat jou bokkies kamma wei
by my veewagters verby
dalk hoor jy op 'n dag my stem
wie weet

Jy sien, dis die verskil tussen koeitjies en kalfies en liefdesdrome wat selfs vroeër nagmerries was. Koeitjies en kalfies vervlak en versmoor. Maar as jy vertel van hoe jy laasnag gedroom het hy's dood of weg, en hom al stywer vashou, klop die liefdeshart al sneller.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/2 MEI 1986

# BLYMOEDIGE OFFERVAARDIGHEID

deur Johnny van Zyl

'n Brief om die diaken te help met die insameling van dankoffers

2 Kor. 9:7: "Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teesin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief."

Dis so waar. Blymoedige offervaardigheid begin by God. Luister weer: "...soos hy hom in sy hart voorgeneem het." Só het God met óns gemaak. Voordat die wêreld daar was en ons nog gebore was, tóé al het God Hom in sy hart voorgeneem. God het ons liefgehad nog voordat ons gebore was — Hy het ons uitverkies. (Efes. 1:4) God het Hom voorgeneem om sy groot Vaderhart vir ons oop te maak en ál sy ewige rykdom, wat Hy in Jesus gehad het, vir ons op Golgota uit te stort. Ons het in hierdie ryke Jesus begin glo, en nou het ons ewige bankrotskap sommer hier in die wêreld al begin ophou. Ons het geestelik al ryker geword, totdat ons binnekort in die hemel skatryk gaan wees. Dít het God Hom ook in sy hart voorgeneem — daarom vra Hy ons moet dieselfde doen. "Elkeen moet (terug-) gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het". Gee terug van die ewige rykdom wat jy van My ontvang het — leef met jou alles vir My. En as Ek van jou wêreldse rykdom, geld en goed, ook nodig het, om my Geestelike huis, my gemeente, op te bou, "gee wat jy jou in jou hart voorgeneem het" om vir My, jou God, af te staan.

Maar jy moet wíl. Moenie voel enigiemand dwing jou teen jou sin nie. Ek vra dit reguit: "nie met teesin of uit dwang nie". Jy moet heeltemal by jouself besluit. Só het God ook self besluit — om vir óns te gee. Niemand het God gedwing teen sy sin nie. Hy het alles wat Hy gehad het, tot die laaste druppel bloed toe, gegee. Hy sê self: "Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af." (Joh. 10:18) So vra God ook — Hy wil ons nie dwing teen ons sin nie. Hy wil hê ons moet wil omdat ons wil. God weet as ons wil, dan word ons bly. Omdat God ons bly maak, is dit vir ons 'n vreugde om vir God te gee. En dis 'n blydskap wat vrugbaar is, omdat ons dit elke dag in ons hart en in ons lewe en aan ons lyf kan voel: God het my regtig lief. Die Bybel sê immers: "God het die blymoedige gewer lief."

Daar het jy nou God se genade en ons dankbaarheid agterna. God gee, en ons sê: Vreeslik dankie liewe Heer!" Ons gee nie omdat God agterna ook moet of sal gee nie. Ons weet ons kan nie verdien nie, net ontvang. En nou vra ons ook nie op 'n geemanier nie. Dan wil ons God omkoop. God laat Hom nie omkoop om te gee nie. Hy gee vrywillig.

Hoor u ook die gelowige blymoedige gewers met uitgestrekte hande na God fluister: "Here, ons wéét U het ons lief. Ons het U ook baie lief. Ons weet dis U self wat vir ons gesê het: "Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie uit dwang of uit teesin nie, want God het die blymoedige gewer lief!."

## Moralisme

Dink jy genoeg daaraan dat die Heilige Gees God is wat geen gawes eis nie, ook nie sedelike gawes nie, maar dit géé? Hoeveel verbittering, hoeveel neerslagtigheid kon ons, onverbeterlike moraliste wat ons is, ons self en ander gespaar het as ons van Paulus wou leer — Paulus wat die hele moraal onder die vreugde van die Heilige Gees tuisbring en al sy voorskrifte belig met die vermaning: "En moenie die Heilige Gees bedroef nie." Daarmee word alle ander reëls opgehef. (Efes. 4:30)... Alles wat die vreugde van bo versteur, is onsedelik.
(Noordmans, Vers. Werk., 8/36,39,41)

## Rugby op die TV

Wil die SAUK-TV nie oorweeg om maar liewer die Afrikaanse rugbykommentator met Bob Hewitt te vervang nie? Al is dit Engels. Ek wil al gil as die huidige een sê "soos u kan sien..", en dan sê hy wat ons sien. Hoekom het hy tog nie by die radio gebly nie?

# DIE GEDWONGE HUWELIK

## BYBELSTUDIE NUWE TESTAMENT

STUDIEGEDEELTE: Matt. 1:18-24

**Matt. 1:24: "Toe Josef uit die slaap wakker word het hy gemaak soos die engel van die Here hom beveel het, en met haar getrou."**

Ek het al baie keer die ontsteltenis gesien wat 'n buite-egtelike en voortydige swangerskap meebring. Vir sommige mense is dit die einde van die wêreld.

Hierdie gevoeligheid van mense kan egter ook tot 'n mens se voordeel aangewend word. Iemand wat ek baie goed ken, en liefhet, had 'n meisie wie se ouers hulle verbied het om die aand te gaan dans. Maar die dans was so aanloklik. Skelm op pad daarheen, slaan die motor om — gelukkig sonder enige beserings. Toe kom hulle in die nag by die oom en die tannie in die voorhuis, en die jongman, wat nou 'n prokureur is, sê ietwat bleek: "Oom en Tannie, ek en Rina het 'n vreeslike ding oorgekom." "Wat?", fluister die oom dapper. "Oom, die motor het met ons omgeval..." "Ag, toemaar, dis niks", sê die oom verlig, en die tannie gaan maak koffie.

Dit was nie anders in Josef se dae nie. Waarskynlik erger. 'n Meisie kon gestenig word as 'n man haar nie 'n maagd bevind nie. Was hý die oorsaak van haar voortydige swangerskap, kon hy egter net die gebruiklike lobola betaal, en dan moes hy haar tot sy vrou neem en haar liefhê.

Nou staan hier dat dit duidelik geword het dat sy swanger is. Dit kan beteken dat dit aan die lig gekom het, byvoorbeeld dat sy dit gesê het, of dat Josef (en ander) dit eenvoudig gesien het.

En daar staan dat Josef aan die wet getrou was.

'n Mens moet jou maar indink. Die liefde wat in stukke breek en bloei en meng met haat oor die verraad. Die liggaam kan dit nie in één dag verwerk nie. Die verstand sê dis waar. Die lyf roep nee, dit kan nie wees nie! Soos met dood. "Dominee, ek het 'n bietjie geslaap, en toe ek wakker word, toe dog ek alles was net 'n nare nagmerrie."

Maar dit was nie. Sy was swanger. Sy het haar hart en haar lyf oopgemaak vir iemand anders. Sy was ontrou. Sy het die gemeenskap wat sy met jóú geweier het, met iemand anders gedeel. Vuil gemene verraad. En die vroomste storie.

Daarom het hy besluit om van haar te skei. Die goeie wetsgehoorsame man. In die geheim. Sommer wegloop. Nie 'n lawaai opskop oor die skande nie. Sommer sê jy gaan 'n brood koop, en dan kom jy nie weer terug nie.

Maar in daardie nag skielik 'n wit lig wat al die seer drome verdryf, en 'n engel, 'n boodskapper van God wat net betyds tussenbeide kom, en sê: "Josef, seun van Dawid..."

**'N VOORHUWELIKSE VERWAGTING WAS IN BYBELSE TYE 'N ERNSTIGER SAAK AS VANDAG – VERAL AS DIE VERLOOFDE NIE DIE VADER VAN DIE KIND WAS NIE. VOLGENS WET KON MARIA GESTENIG GEWORD HET.**

Ek kan nie glo dat Matteus nie geglimlag het toe hy dit neerskrywe nie. Seun van Dawid, die owerspeler. Seun van Dawid en Batseba. Josef, moenie jou verhef nie. Jy lewe deur die genade. Het jy die geskiedenis vergeet? Kyk, God gaan wéér doen wat Hy al so baie kere gedoen het: Hy gaan die vergrype van die mense sanksioneer, dit beteken heilig. Hy gaa reguit strepe met krom stokke trek. Soos toe Salomo, die seun van Uria se vrou, Batseba, koning geword het met God se sanksie. En toe Ragab, Rut, Tamar, voorouers geword het van die Verlosser, die sondelose Verlosser van die wêreld.

Maar net: Hierdie keer werk dit 'n bietjie anders: Maria was nie aan jou ontrou nie. Die sanksionering die heiliging geskied deur die Heilige Gees. God gaan vlees word. Mens. Swakke mens. Só kom God ook versoening doen vir Dawid se sonde. Op hiérdie buite-egtelike verwekking het Dawid, die owerspeler, gehoop.

## GEDWONGE HUWELIK
van bl. 7

Ek hoop die beeld is duidelik. Al die vorige kere, die hele Bybel deur, waar God sondige dade van die mense tot hulle eie beswil aangewend het, byvoorbeeld toe Josef se broers hom so skandelik Egipte toe verkoop het, was antisipasie, aanlope tot hierdie gebeurtenis. Toe God nie uit die hemel nie, maar in menslike vlees en bloed kom ingryp het om te red. Die gemors op te ruim.

Daarom sê die engel sy naam moet Jesus wees, want Hy sal die volk van hulle sondes verlos. Jesus beteken verlosser. Dus: Josef, jy mag nóg so voorbeeldig wees en wetsgetrou, die koninkryk van God werk tog anders. So verrassend anders. Wat jý aansien vir sonde, is verlossing, heiliging, sanksionering. Baie dinge wat op óns prioriteitslys eerste kom, kom in die koninkryk laaste. God deins nie terug vir die skande van die skindertonge en skinderstories oor 'n gedwonge huwelik nie. Sy gedagtes is hoër as ons gedagtes. Hy laat Hom nie intimideer deur die mense se kleinburgerlike fatsoenlikheid nie. As Hy sy punt wil stel, bo alle twyfel, dan ontsien Hy nie om die skande van die kruis vooruit te loop met 'n swangerskap en 'n geboorte wat die mense skok en die dierlike in hulle laat uitkom nie. Want húlle is in sonde ontvang en gebore.

Maar nie Jesus nie. Hy kom van die hemel en die Heilige Gees wat sweef, soos die wind wat daar waai, oor die chaos wat mense op Gods wêreld aangerig het. In die herskepping verwek die Gees die tweede Adam uit die lyf en die skoot van 'n swakke vrou. Want wat swak is, het God uitverkies om die sterk mense en mans mee te beskaam. Die armes van gees is salig, nie die hoogmoediges nie.

En Matteus sê: So word die profete vervul. Staan daar dan nie geskrywe dat die maagd swanger sal word en 'n seun sal baar nie? Wel, wat selfs Jesaja nie kon voorsien nie, het toe gebeur: Letterlik. Niks is vir God onmoontlik nie. God skryf selfs met sy vinger in klip as Hy sy liefde wil verklaar en bo alle twyfel wil stel. God plaas met sy eie hand 'n saadjie in die baarmoeder. God laat sy woord letterlik vlees word. En as Jesaja dit figuurlik bedoel het, vervul Hý dit letterlik: Emmanuel beteken immers God met ons. Dan kóm Hy na ons toe. Om tussen ons te woon. Want Hy wil ons nie afskryf nie, al het Hy meer as genoeg rede en reg. Hy is liefde.

Interessant dat hierdie teks uit Jesaja 7 en 8, en die Christelike aanwending daarvan, die Jode van hulle geliefde Griekse vertaling van die Ou Testament laat afsien het. In die Hebreeus kan die woord vir "maagd" ook vir 'n gewone vrou wat jonk is gebruik word, maar die Griekse woord, waarmee die Jode self die Hebreeus vertaal het, kan slegs maagd beteken. Daarom het die Jode, in ongeloof, hulle rug op hulle eie Bybel gedraai.

Ons Skrifgedeelte sluit af met die mededeling dat Josef toe net so gedoen het soos wat die engel van God beveel het. Hy het getrou met Maria. Maar, sê Matteus nog eens, hy het hoegenaamd niks te doen gehad met haar swangerskap nie. In hiérdie reddingsdaad van God sou die mens géén aktiewe aandeel hê nie.

* * *

"Het leven van Jezus gaan geheel op in zijn ambt. Van zijn geboorte af aan was hij reeds in de dingen zijns Vaders. Jezus was ook geen Jood; Hij droeg geen Joodse naam, maar een van God gegeven naam. En Hij was geen Romeinse burger. In de Joodse Raad heeft Hij zich niet aan een vonnis onttrokken en Hij deed dat met de geseling voor Pilatus evenmin. Er is niets in de evangeliën, waarin wij een eigen leven van Jezus zouden kunne vinden, buiten zijn ambt om. Pascal heeft gewezen op deze volmaakte obscuriteit van Jezus in deze wereld." (Noordmans 8/383)

**DAWID**

**Toe het ek opgestaan**
**en my gesig gewas**
**en toe die mense vra, gesê**
**ag, dit is verby**
**dit was**
**wat sal dit baat**
**om nog te wag**

**en gaan aanbid**
**en weer gelag**

**GELOOF IS 'N EIENAARDIGE WEDLOOP. HY IS KLAAR GEWEN. AL WAT ONS MOET DOEN, IS OM TE BLY GLO DAT HY KLAAR GEWEN IS.**

# ALLERLEI BRIEWE

## WIT EN SWART KOLLE

Liewe dr. Manie —
Vergewe my dat ek anoniem aan u skrywe, maar ek moet u darem nog vroom in die oë kan kyk. Miskien moet u 'n rubriek in SOW hê soos Sake van die Hart (of Swart Kolle op Wit Harte) vir mense soos ek wat hulle nood nie van aangesig tot aangesig kan deel nie.

Die wonder van God se genade is vir my onbegryplik, sien. As ek 'n wederdoper was, sou ek 'n permanente verkoue gehad het as ek elke keer ondergedompel moet word nadat ek my weer bekeer het.

'n Mens kry twee soort mense, dink ek. Dié wat soos "ware Christene" lyk (dit straal uit hulle uit) en diè wat nie soos ware Christene lyk nie. ('n Mens sien dit aan hulle handel en wandel.) En nou kan ons by my nood kom — my verwarringsnood. Ek lyk soos 'n ware Christen, het nie vyande nie (hoewel ek sommige mense nie kan verdrá nie), doen samaritaanswerk (soms darem in die stilligheid), maar wonder darem hoe dit sal wees om met my man se beste vriend in die bed te spring as hy aandag aan my gee. Rook ook skelm omdat dit vir my lekker is.

My man, daarenteen, is nie 'n ou wat baie tyd het om aankerklike sake te bestee nie. Dié laat hy aan my oor. Gaan net so af en toe kerk toe. Hy word ook af en toe hieroor aangespreek deur ons vroom bure. Nee, soos 'n ware Christen tree hy nie op nie. Maar, Dominee, as daar nou ooit 'n man was met 'n wit hart, is dit hy. Vyande dié het hy, omdat hy eerlik is en nie vir 'n mens sê hy is wit as hy swart is nie. (Ek praat nie politiek nie.) Die arbeiders en sy werksmense sal hulle hande vir hom stukkend werk, nie uit vrees nie, uit liefde. Hy het 'n deernis vir 'n swak mens wat 'n mens selde teekom. Hy rook nie, drink nie en kom na werk reguit na my toe.

Nou vra ek u: Wie bid vir wie? Ek, wat maar soos 'n ware Christen lyk, met my wit kolle op my swart hart — vir my withartman? Hy moet mos vir my bid, maar hy bid nie, sien.

Anemie

**Lees Rom. 7. En bly maar bid vir (jouself en) jou withartman. Gebed is nie die werk van 'n heilige nie, maar van 'n sondaar. Ek hoop nie ek is jou man se beste vriend nie! Ek waarsku jou: eet peperminte as jy naby my kom... Rook veroorsaak kanker.**

## DOM SKRIFGELEERDE

Geagte Manie,
Ek merk hier in Die Volksblad van 24 Maart 1986 in u rubriek "Kerk en Koninkryk" iets wat my geweldig laat wonder. Ek wonder wie en wat is u. Uit u onkunde aangaande die Skrifte wil dit my voorkom of u 'n Skrifgeleerde is.

Dat u God en die duiwel as één persoon kan uitmaak, gaan my verstand te bowe. U beweer dat God toegelaat het dat die duiwel Jesus kruisig. Ek lees in Joh. 17:1-26 dat die Satan se naam nie een keer genoem word nie, maar dat Jesus oral spreek van die Vader se wil. In Joh. 18:11 sê Jesus: Die beker wat my Vader My gegee het, sal Ek dit dan nie drink nie?' Toe Petrus sy swaard uitgetrek het en die dienskneg van die Hoëpriester se oor afgekap het, het Jesus vir Petrus beveel om sy swaard te bêre. Hy het gesê: As ek wil kan Ek nou tot die Vader bid en Hy sal vir my 'n legioen engele stuur.

Hoe rym u storie nou?

Aangesien u 'n Skrifgeleerde is wil ek tog van u vra om Matt. 23 te lees. Is u nie dalk die Skrifgeleerde of Fariseër wat op die troon van Moses sit en die koninkryk van die hemele vir die mense sluit nie? Ek lees in Matt. 18 dat die koninkryk van die hemele behoort aan die kinders. Aangesien die Godsaak geestelik is, is ek ook 'n kind in die Gees en vra u kinderlik dat u u adres vir my sal stuur sodat ons die Ware, Lewendige God aan u kan openbaar.

**Na bl. 14**

# SKAKELING MET ANDER CHRISTENE

Met "ander Christene" kan nogal 'n hele verskeidenheid bedoel word. Dit kan beteken elke ander mens wat jy nie is nie, en wat in Christus glo.

Maar met hierdie handleidinkie praat ek nie oor die mede-gelowiges wat in jou kerk en gemeente is nie. Daaroor word genoeg in die kerk gepraat en minstens elke saam-kerk-toe-gaan is 'n skakeling met hiérdie "ander" Christene.

Ons wil hier fokus op die ánder ander Christene en probeer help dat daar ook met húlle geskakel word. Want ons is nou eenmaal mense wat publiek bely dat ons glo aan die gemeenskap van die heiliges, en dit kan ons nie ontkom nie.

Die kategorieë van ander Christelike kerklidmate sal ons só behandel dat dit ongeveer van maklik na moeilik loop.

### SUSTERSKERKE

Die Christene wat die maklikste met mekaar skakel is die Afrikaners wat aan die drie susterskerke behoort. Rede daarvoor is dat ons almal behoort aan 'n redelik eenderse kultuurgroep met dieselfde taal, en met dieselfde geloofsbelydenis. Kerklik gesproke moes dieselfde geloofsbelydenis ons die maklikste laat skakel en weer één laat word het, maar in praktyk is dit die Afrikaansheid wat ons oral by mekaar bring.

**DIE KOMMISSIE WAT PROBEER OM DIE DRIE AFRIKAANSE SUSTERSKERKE WEER EEN TE LAAT WORD, HET ONLANGS SY EEN EN TWINTIGSTE VERJAARDAG GEVIER. 'N MENS WEET NIE OF JY MOET LAG OF MOET HUIL DAAROOR NIE.**

Die vreemdste is dat daar geen amptelike verband tussen die N.G., N.H. en Gereformeerde kerke bestaan nie. Daar is wel 'n forum waar ons met mekaar praat — wat onlangs sy een en twintigste verjaardag gevier het, 'n feit waaroor jy nie weet of jy moet lag of huil nie — maar origens berus die verkeer tussen die kerke op 'n soort gentleman's agreement, 'n ongeskrewe verstandhouding — bv. die gemak waarmee mens van die een na die ander kan oorgaan met 'n huwelik ensovoorts.

Daar is twee dinge wat ons uit mekaar hou en wat lidmate wat wil skakel moet weet om probleme te voorkom. Die eerste is die geskiedenis en die tweede die toepassing van die belydenis.

Wat die eerste betref vrees ek dat ons dit eenvoudig moet aanvaar. Niemand kon nog daarin slaag om te bewys wie verkeerd opgetree het in 1858, 1859 ens. nie, en die stof van die eeue moet maar daaroor gaan lê. Wat die tweede betref, moet ons aanvaar dat veral die Gereformeerde kerk baie nougeset die gereformeerde aard van ons belydenis handhaaf en nie sommer toeskietlik daaroor sal raak nie. Jy sal nóóit 'n ingeligte Gereformeerde hoor wat sê 'n mens moet Jesus in jou hart innooi nie, want hy weet dat Jesus óns aangeneem het, nie ons eerste vir Hom nie. Verder is hy sensitief vir die ou gesange, om van die hallelujas nie eens te praat nie. Prakties was dit die gesange en die destydse hallelujas wat die Gereformeerdes uit die één kerk wat tot 1859 bestaan het, gedryf het.

As 'n mens hierdie dinge weet, en jy probeer 'n byeenkoms reël, vermy jy dié die dinge wat aanstoot kan gee. Jy hou ook nie 'n biduur nie.

**AS 'N MENS WEET WAARVOOR DIE VERSKILLENDE KERKE SENSITIEF IS, BEPLAN JY 'N GESAMENTLIKE BYEENKOMS VERSTANDIG EN VERMY SAKE WAT AANSTOOT KAN GEE. ONS BESIT GENOEG GEMEENSKAPLIK DAT DAAR DAN NOG IETS SAL OORBLY.**

### DIE NG KERK-FAMILIE

Eintlik moes dit makliker gewees het om met die NG Kerk-familie te skakel, want hulle is tog familie Die politieke verdeeldheid — gebaseer op die kulturele verdeeldheid — het dit egter 'n baie delikate saak gemaak wat met groot omsigtigheid aangepak moet word.

Daar is egter geen sprake van dat ons dit kan ontduik nie. Juis in die huidige tyd is skakeling intens noodsaaklik, want dit sal 'n ramp wees as ons in 'n burgeroorlog moet beland teen ons eie kerklidmate!

### SKAKELING MET DIE NG KERK IN AFRIKA

Die gedagte aan skakeling met ons swart landgenote is nie meer so vreemd soos 'n paar jaar gelede nie. Baie van ons amptenare, sakelui en akademici het al heelwat ondervinding hiervan opgedoen. Dis

nie meer vir hulle snaaks nie. Kerklike skakeling moet dus nie aangepak word asof dit 'n geweldige berg is om oor te kom nie.

In die kerk het ons 'n bonte versameling mense, waarvan baie egter geen ervaring van skakeling nie, net vrese het. Veral ouer, behoudende Afrikaners. Ons moet hulle met veel liefde en simpatie behandel, en nie onnodige druk op hulle plaas nie. As hulle die gevoel kry dat ons téén hulle vir die swartes kies, sal dit 'n gevoel van verwerping skep wat vreemd is aan die aard van die kudde en Herder van die kerk. (Net so vreemd soos die verwerping en uitsluiting van ons swart broers en susters.)

Daarom moet skakeling (aanvanklik) 'n element van vrywilligheid hê. Mense (en kerkraadslede) moet uitgenooi word na 'n skakelingsgeleentheid, sodat dié wat dit nog nie oor hulle hart kan kry nie, dan maar kan wegbly.

**DIE ALGEMENE BEGINSEL BY DIE SKAKELING MET ANDERSKLEURIGE CHRISTENE IS DAT JY EENVOUDIG MET HOM MOET OMGAAN AS NET NOG 'N MENS. DIS NIE SO MAKLIK SOOS WAT DIT KLINK NIE.**

Verder moet skakeling deurdag wees. Skakeling net ter wille van skakeling is 'n sosiale aangeleentheid en min van ons is al daarvoor opgewasse. Jy verkeer sosiaal met jou vriende, en dit is eenvoudig nie deurgaans die huidige relasie nie.

Daarom moet ons skakeling kerklik-werksgerig wees, soos:

* Ons Sending- (en skakel-) kommissie vra 'n ontmoeting aan met hulle eweknie en praat oor hoe die saak van die evangelie die beste in die kontrei gedien kan word. Vergaderings vind beurtelings hier en dáár plaas, en liefs om 'n ronde tafel, m.a.w. op gelyke voet.

* Ons BKJA reël 'n aand saam met hulle jeug, en bepaal die vorm daarvan in oorleg met hulle dominee. Liefs iets soos 'n Bybelvasvra (met tolk indien nodig), of 'n debat.

* Dieselfde geld vir die vroue-aksie, en ander kerklike aksies wat graag sou wou skakel en wat iets het om oor te praat.

* Kanselruiling is iets waarby ons net sal móét uitkom, maar aanvanklik liefs by 'n spesiale geleentheid soos 'n spesiale pinksterfees op 'n Sondagmiddag. En nie net in die ruim wit kerk nie, maar ook by hulle. Anders sal die meeste mense bly nie weet waaroor dit gaan nie.

Dit is belangrik dat blanke gemeentes aan belangstellendes 'n kort kursus laat aanbied oor hoe daar op gelyke voet geskakel word. Selfs met die beste wil in die wêreld maak ons nare foute sonder afrigting, bv.:

* Neerbuigendheid — 'n soetsappige stemtoon, so of jy met kinders praat.
* Verkeerde aanspreekwyse. Mense wat so lank aan ons onderhorig was, word onder geen omstandighede as jy en jou aangespreek nie. Jy "u" hulle, selfs waar die Bybel hulle "jou".

*Die algemene beginsel is dat u hom net as 'n mens behandel. 'n Grootmens. Dit kos nogal iets om dit reg te kry as jy so lank oor hom anders gedink het, en met hom anders gepraat het. Moet egter nie die feit van die kleurverskil angsvallig vermy nie. Praat spontaan daaroor, en lag blapse weg.

## ANDER GEVESTIGDE KERKE

Voor ons by die sektariese bewegings kom, staan ons stil by wat gangbaar die gevestigde kerke genoem word. Benewens die Duits georiënteerde Lutherse kerk en die Grieks Ortodokse kerk, het ons hier hoofsaaklik te maak met die Engelse kerke.

Nou is die Engelse kerke ook maar 'n verskynsel wat jy moet verstaan om te kan begryp.

**IN DIE ENGELSE KERKWêRELD WORD 'N KERK EN GEMEENTE SE AARD MEESAL BEPAAL DEUR DIE GESINDHEID VAN DIE REVEREND. WEES BEDAG OP VRYSINNIGES, POLITIEKE AKTIVISTE EN FUNDAMENTALISTE. ENGELSE CHRISTENE STEL OOR DIE ALGEMEEN TOENADERING VAN AFRIKANERS HOOG OP PRYS.**

In die Engelse en Amerikaanse kerkwêreld is daar wel verskillende belydenisse. (Die Presbiteriaanse Kerk en die Christian Reformed Church van Kanada en die VSA staan belydenisgewys die naaste aan ons.) Maar in praktyk word die aard van 'n kerk in die Engelse wêreld bepaal deur die oortuiging en gesindheid van die plaaslike predikant. Is hy vrysinnig, dan is sy eredienste en sy kerkgangers vrysinnig (en nie veel nie). Is hy sogenaamd "evangelies", dan is sy lidmate meer Bybels en kinderlik. Maar hy kan ook nog fundamentalisties wees, of garismaties of polities-aktiwisties.

Onthou voorts dat die Engelse kerke nie 'n "ward system" het soos die Afrikaanse kerke nie. Jy gaan



Na bl. 17

AKTUEEL

# OM TE WAG

Om te wag, kan een van die moeilikste dinge word wat 'n mens maar kan doen. Jy sou dit nou nie dink nie, want dis nie 'n swaar werk nie, dis om nïks te doen nie, maar dit kan baie baie moeilik word.

Hermann Friedrich Kohlbrugge, die grootste naam in die Gereformeerde teologie naas Johannes Calvyn, al sê amateurteoloë van vandag ook wat, het beroemd geword óók omdat hy bereid was om te wag. Hy is eers weens sy standpunt as proponent deur die Lutherse Kerk afgesit en daarna het die Hervormde Kerk van Nederland hom selfs in 1832 lidmaatskap geweier. Selfs met van die afstigters van 1834, die geestelike vaders van die huidige Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (gestig 1859) het hy later oorhoops gelê. Maar hy het bly wag, en sy konsekwent gereformeerde standpunt nie prysgegee nie. Maar toe hy beroemd geword het en dié Elberfeldse gewone dominee (eers sedert 1848) staan op uitnodiging in Utrecht voor 'n uitgelese gehoor op om te praat, met as eerste woorde "Sol iustitia illustra nos!", die son van geregtigheid sal oor ons skyn, het sy meer as 'n duisend toehoorders soos één man opgestaan en hom toegejuig.

Oepke Noordmans, wat na sy dood in 1956, steeds in statuur groei, het ook geweet wat dit beteken om te wag. Hy moes sy studie weens swak gesondheid onderbreek en het later troostend gepraat van God wat soms 'n pyl op 'n boog agteruit bly trek omdat Hy vér met hom wil skiet. Soos God so dikwels sy profete lank by Hom op universiteit neem in die woestyn.

Jy hoef nie te dink dat profete dit maklik vind om te wag omdat hulle profete is nie. Toe Moses veertig jaar gewag het, nadat hy na die eerste veertig jaar voortydig sake in sy eie hande wou neem, was hy so sat en verslae daarvan dat hy God weggewys het toe Hy na 80 jaar met hom begin praat. Moses, die man van God, een van die grootste profete nog.

En al hierdie profete het dit nie maar gedoen as voorbeelde vir nóg groot profete nie. Hulle het dit vir jóú gedoen. En vir my – as ons móét wag. As ons móét verloor, en moet wag; nie moed verloor nie. Want ons is almal priesters, konings én profete van die lewende God, groot en klein, veral dié wat weer so klein soos kinders word, en nie baie magtig is nie. Al die broers en susters van Jesus Christus, wat ons weer kinders van dieselfde Vader gemaak het; dié Jesus Christus wat drie dae moes wag voordat die Vader sy roep op die kruis sigbaar beantwoord het.

Almal wat sê: Sol iustitia illustra nos. Die son van Gód se geregtigheid sal ons verlig. Ons sal ons eie geregtigheid, wat ons so vroom probeer oprig, skade en selfs drek ag – om met Paulus te spreek – om die geregtigheid van God te verkry.

Dis baie moeilik om so te wag. Dit beteken dat jy moet toegee dat jy 'n sondaar bly, en dit beteken dat jy tot bekering moet kom; nie om die Here te dank dat jy nou nie meer so sleg soos ander mense is nie, maar om te bid: "O God, wees my, sondaar, genadig!" En te weet wat jy bid.

# GOD EN DIE ALLEEN-MENS

Gen. 16:1-16; 21:8-21

In die tyd van die Bybel het ook baie dinge gebeur waaroor 'n mens jou hande kan saamslaan. Wrede dinge. Skandes. Sonde en ellende.

God belowe aan Abraham 'n seun, 'n erfgenaam wat die Beloofde Land kan erf, 'n belofte wat so onmoontlik lyk om uit te voer, dat die egpaar God uitlag. Dan probeer hulle God op allerlei maniere help. Eers suggereer Abraham dat God Eliëser, die man uit Damaskus, sy slaaf, as sy erfgenaam moet beskou, en dan maak Sara nóg 'n plan. Sy sê Abraham kan by haar Egiptiese slavin, Hagar, slaap, want as dié 'n kind kry, is dit haar, Sara, se kind, en dan het sy en Abraham tog mos 'n kind.

En Abraham doen dit.

Stel jou dit maar konkreet voor – dat hy liefde maak met die vrou, waarskynlik meer as eens, totdat dit blyk dat sy swanger is.

En toe breek 'n hewige huweliksrusie tussen Abraham en Sara los. Die Bybel sê uitdruklik dat die inisiatief vir die saamslapery van Sara uitgegaan het (16:3), maar toe sy die gevoel van meerderwaardigheid in die swanger Hagar se oë sien, pak sy woedend die skuld op Abraham. "Jý dra die skuld vir hierdie onreg wat ek moet verduur!"

Die wyse Abraham trek toe net sy skouers op en sê dis Sara se saak wat sy met haar slavin maak, waarop Sara die vrou sleg behandel totdat sy wegloop.

En skielik fokus die Bybel nie meer op Abraham, die vader van die Godsvolk nie, maar op die Egiptiese slavin. "Waar kom jy vandaan Hagar, en waar gaan jy heen", vra die engel aan haar in die woestyn waar sy by 'n put rus, ook vermoeid van haar swangerskap. En as Hagar toonloos en kort en klaar meedeel dat sy wegloop, sê die engel vir haar: "Gaan terug na jou eienares toe, en onderwerp jou aan haar gesag." Maar die engel gee ook aan haar 'n belofte wat 'n roerende belydenis oor haar droë lippe laat krys.

* * *

Terug by Sara word Ismael gebore, na die instelling van die besnydenis besny in sy dertiende jaar, Sodom en Gomorra word verwoes en Isak se wondergeboorte vind plaas.

En skielik is Hagar en Ismael weer in die gedrang. By 'n feesmaal wat Abraham vir die speenoud Isak hou, sien Sara Ismael vir Isak lag, en onmiddellik moet Abraham dit weer ontgeld. Tog vreemd: Sara mag vir God lag, maar Ismael nie vir Isak nie. Waaroor sou hy dan tog gelag het? Sara eis summier dat Hagar en Ismael weggejaag word.

**NA DIE EERSTE HUWELIKSRUSIE HET GOD DIE SKEIDING VERHOED, MAAR NA DIE TWEEDE EEN DIT AANBEVEEL.**

Hierdie keer gaan dit egter nie so maklik nie, want Abraham het geheg geraak aan die seun (en sy moeder – vgl. v. 12). Daar staan dat Abraham baie sleg gevoel het oor die hele aangeleentheid. Maar dan gryp God in en dwing die skeiding af... Laat haar gaan. Stuur jou kind weg. Ek sal hom ook 'n groot nasie maak, want hy is jou kind.

* * *

En Hagar gaan die tweede keer die woestyn in, met 'n bietjie padkos wat Abraham haar voordag in die hand gegee het. Daarna is sy alleen. Stokalleen. Tot die water in haar watersak opraak en haar kind van dors skree.

Dan sit sy hom neer onder 'n doringbos en loop weg tot buite hoorafstand om haar kind nie te sien en te hoor sterf nie. Die geskeide vrou, sonder sorg en sonder hoop in die wêreld. En sy begin huil.

Wat is dit tog 'n geskiedenis van lag en huil. Abraham kry depressie as God wegbly en nie kontrak kom teken nie, Abraham en Sara lag vir God, Hagar lag vir Sara, en Ismael vir Isak wie se naam "hy lag" beteken. Sara sê die mense sal vir haar lag omdat sy op so 'n hoë ouderdom 'n baba het (21:6) en verwyt God daarvoor; en ten slotte tref ons Hagar en Ismael wenend in die woestyn aan.

Waar God weer 'n keer met haar praat.

**GOD VERGEWE MAAR HY VERGEET NOOIT. HY IS DIE GOD VAN DIE WEDUWEE EN DIE WEESKIND, éN VAN DIE GESKEIDENE.**

"Wat is dit Hagar? Moenie bang wees nie, want God het jou hoor huil. Staan op, tel jou kind op en troos hom. Ek sal hom 'n groot nasie laat word", wat beteken: hy sal lewe.

Toe het God haar aandag op 'n fontein gevestig en haar so gered.

* * *

Só is God se gedagtes hoër as ons gedagtes. Eers voorkom Hy die skeiding – sodat Ismael met sy beloftes besny kan word – en dan beveel Hy die skeiding aan, maar vergeet nie daarmee vir Hagar nie. Hy sien haar trane in die stilte en Hy het medelye met haar verwerping. Hy sal nie toelaat dat haar lewe in 'n doodloopstraat eindig nie. God is die God van die weduwee en die wees, én die geskeidene.

Want God is barmhartig. Hy sal nie vir ewig die toorn behou nie, en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Hy sou kon sê: Ja, na lag kom huil! Jy wou Isak mos afknou (vgl. Gal. 4:28), maar Hy doen dit nie. Hy is die Vader van alle barmhartigheid. Hy kan dit nie oor sy hart kry om eensame mense nie te troos nie. Hy troos hulle onvoorwaardelik. Net omdat Hy hulle jammer kry. Hy neem Lasarus hemel toe sonder vermelding van één woord van sy geloof. Die enigste aan Lasarus wat kon glo, was sy swere.

* * *

Moenie dink dat God jou sal vergeet nie. God vergewe, maar Hy vergeet nooit. Hy dink aan jou; Hy hou sy hande oor jou. En Hý stel geen eise aan jou nie. Nie eers die eis dat die intensiteit van jou liefde 'n sekere graad moet bereik nie. Hy het jou eerste liefgehad. En Hy het sy trou aan jou beloof wat Hy nooit sal breek nie.

Want God is God. God is nie 'n mens nie.

Van bl. 2

"Maar toe het die goedheid van God, ons Verlosser en die liefde vir die mens (op die horison van Golgota) verskyn. Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming." Net omdat Hy ons jammer gekry het. Almal. Van alle tye en alle nasies.

Goeie teologie en goeie politiek.

Vat hulle vas. Chaos mag nie orde vernietig nie. As Afrika nie één bewys kon lewer dat die derde wêreld 'n nywerheidsbeskawing kan hanteer nie, waarom moet ons dit nóg 'n keer demonstreer en bewys?

* * *

Maar ons moet op weg wees daarheen. Die Woord eis dit van ons. As die genade van God aan 'n volk verskyn, móét dit vrugte dra vir die praktiese lewe, en dit moet die geleentheid gegun word.

Nou sê hulle dat twee uit elke drie Christene in Suid-Afrika swart is. Nomineel.

Dis tog 'n bate.

Maar die breë lae ken en vertrou mekaar nie, en ek het nie die versekering dat die staatkundig-opgeleide Swartes en onopgeleide leiers werklik 'n demokratiese regstaat begeer en in stand sal hou nie.

Ons ken mekaar nie. Ons vrees mekaar.

Is daar dan nie iemand wat die moed van sy oortuiging (en die fondse) het (of kan bolwerk) om 'n Afrikaanse privaatskool met status op te rig waar diè wat wil hulle kinders heen kan stuur, ongeag volksverband, sodat ons 'n geslag leiers kan kweek wat mekaar ken en vertrou? Wat soos dr. Motlana bereid is om 'n vakleerlingskap in demokrasie te ondergaan. Mense met 'n gemeenskaplike trou aan één vaderland en wat weet dat ons toekoms in God se hande is.

INTEKENVORM (slegs nuwe intekenaars)
Hiermee teken ek op Swart op Wit in. Die intekengeld van R20 word hierby ingesluit/u kan dit verhaal teen my (Visa of Master) kredietkaart no.
NAAM ________________
ADRES ________________

Van bl. 9

Ons het dit verniet ontvang en verniet sal ons dit aan u openbaar.

C.I. Matthews, Virginia

**In die betrokke rubriek en artikel gaan dit oor God wat die bose dade van die mense — soos die optrede van Josef se broers — aanwend tot hulle eie beswil. Dit is die wonder van die liefde van die lewende God. Dat Jesus ook gesterf het kragtens die raadsplan van God, is 'n (geopenbaarde) wonder wat ons nie kan deurgrond nie. Dit sluit die bose opset van (Judas en) die duiwel nie uit nie, maar oortroef dit. As u dit nie verstaan nie, beoefen u 'n soort robotgodsdiens.**

# SENDING

Liewe Manie,

Ek wil tog net vra of daar dan nie iemand of meer as een persoon in ons leserskring is wat vir ons voorbidding kan doen nie. Miskien vind jy dit 'n vreemde versoek so uit die bloute uit, maar ek het twee sake in my stoeiende gemoed wat ek nie aleen kan dra nie en wat ons met voorbidders moet deel omdat dit oorweldigend word.

Dalk klink dit sektaries, maar die geestelike nood van die Ooste is vir my 'n gewetensaak. Vra saam met my of die Here my nie liewer in die Ooste wil gebruik nie. Self is ek so onbruikbaar dat ons Here Jesus my soos 'n outomaat sal moet gebruik wat volkome in die hande van sy Gees is. Ek weet dit klink vreeslik ongereformeerd, maar help my asseblief. Genadiglik is God se weë onpeilbaar. Nou lyk wat ek geskryf het op papier vir my so onseglik.

Mag ek ook vra vir voorbidding vir groot finansiële nood wat ons het. Ek sal jou nie vermoei met hoe ons hierin gekom het nie. Nie dat jy nie sal belangstel nie. Jou pastorale hart is so ruim.

Ons nood is werklik groot en ernstig. Ons het eksistensiële nood aan voorbidding. Help ons asseblief. As daar mense is wat ernstig en volhardend vir ons sal bid asseblief...

Miskien moet jy ons maar eers anoniem hou.

**Die skrywer van hierdie brief is 'n sendeling êrens in Transvaal. Hy het genoeg verstand om 'n professor te wees. Ek het al so gepleit daarvoor dat ons akademiese sendingwerk moet doen deur dosente in gereformeerde teologie na buitelandse universiteite te stuur wat 'n leerstoel beskikbaar sal stel as ons daarvoor betaal. Daar is sulkes.**

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/2 MEI 1986

TE VOET DEUR DIE KATEGISMUS

# DIE ENIGSTE VERLOSSER

VERAL VIR TIENERS WAT BETER WIL VERSTAAN

H K deel 2, Sondag 6

Iemand vra my: Hoekom moet ons die Kategismus leer? Dit staan tog nie in die Bybel nie?

Dis waar. In die Bybel staan veel meer as in die Kategismus. Die Kategismus is maar net 'n inleiding, 'n ABC, die eerste beginsels. Die Kategismus kom uit die Bybel uit, veral uit die brief wat Paulus aan die hoofstad van die wêreld geskryf het, maar die bedoeling van die Kategismus is om jou die Bybel te laat lees. Mens hou nie op by die Kategismus nie, jy begin daarmee, en as jy dan eers agterkom wat alles in die Bybel staan en aangaan, verbleek die Kategismus byna soos 'n skoolboekie.

Kan 'n mens dan nie maar net die Bybel lees nie?

Ja, jy sou kon, maar nou het die duiwel so slim geword dat hy die mense die Bybel verkeerd laat lees, en dan lees hulle asof hulle oogklappe aan het. Hulle lees net 'n klompie uitgesoekte tekste, en party dele van die Bybel lees hulle glad nie. Dan dink hulle byvoorbeeld, soos baie mense vandag dink, dat die Bybel 'n boek is wat jou wil sê hoe jy jou laaste kans moet gebruik om in die hemel te kom — wat jy alles moet doen. En al die tyd vertel die Bybel ons die wonderlike verhaal van wat Gód gedoen het toe ons ál ons kanse verspeel het om weer terug in die paradys in te kom.

So, onthou, die Kategismus is net die basics.

* * *

Heel toevallig koop ek in Bloemfontein die Gereformeerde Kerk se bekende "rooi boekie", vir die kleinste kinders om die Heidelbergse Kategismus te leer. Ek wou 'n gewone Kategismus koop, maar die bruin meisie agter die toonbank in Maitlandstraat sê hulle het nie in voorraad nie, en sy verkoop my hierdie rooi een en eers by die karavaan sien ek dis van die Gereformeerde Kerk en hy verskyn al van 1930 af en in 1980 het hulle ook nog weer aan hom gewerk.

Dis interessant om te sien hoe hulle probeer vereenvoudig deur in méér vrae op te breek.

1. Wat is jou enigste troos?
   My enigste troos is dat ek met liggaam en siel aan my Here Jesus behoort.

2. Waarom behoort jy aan die Here Jesus Christus?
   Omdat Hy vir al my sondes met sy bloed betaal het en my uit die mag van die duiwel verlos het.

4. Wat moet jy weet dat jy getroos kan lewe en sterwe?
   Drie dinge: 1. hoe groot my sonde en ellende is,
   2. hoe die Here my daarvan verlos het,
   3. hoe ek die Here vir my verlossing moet bedank.

**IN DIE EERSTE HOOFDEEL VAN DIE KATEGISMUS LEER ONS DAT ONS SONDE EN ELLENDE SO GROOT IS DAT ONS DAAR NIKS AAN KAN DOEN NIE. AS GóD ONS NIE RED NIE, GAAN ONS VERSEKER VERLORE. DEEL 2 VERTEL HOE GOD TOE HET.**

Let veral op die twee "hette". Jesus hèt vir ál my sondes met sy bloed betaal, en ek moet weet hoe die Here my van my sonde verlos hét. Dat ons ook "moet" weet hoe ek die Here vir my verlossing "moet" bedank, is nou nie die suiwerste van formuleringe nie. Toe die verlore seun, stinkende nog van die varke, nie 'n skop onder sy agterent kry nie, maar 'n feesmaal in die hemel, is ek seker hy het nie 'n handboekie nodig gehad om sy dankbaarheid te betuig nie. As jy werklik besef dat die hel jou vrygeskeld is, sal 'n diep dankbaarheid jou hart vul wat kwalik onder woorde gebring kan word. Veral as die rampe en ellende van hierdie wêreld jou oorval, en jy in die pesdamp van jou sonde wil verstik.

* * *

Maar ek moet aangaan waar ek laas opgehou het.

Ons sit tot oor ons ore in die sondeskuld en geen mens of skepsel kan ons daaruit haal nie. Self kan

ons ook nie daaruit klim nie, al preek die sektepredikar dat ons die hel se vuur en swael kan ruik. Al wat hierdie soort skrikmaaktegniek van ons kan maak, is Fariseërs of wanhopiges.

Nou hoe sal ons dan verlos word?

Ons moet 'n **middelaar** kry, 'n tussenpersoon, wat ons met God kan versoen.

Hierdie middelaar moet 'n egte en regverdige (sondelose) mens wees — hy moet dan die **mense** verteenwoordig, dis tog 'n **mens** wat gesondig het; en hy moet sondeloos wees want hoe sal iemand wat bankrot is, nou iemand ánders se skuld kan betaal (vrg. 16).

Waarom moet ons Middelaar ook God wees? Omdat daar nie só 'n mens bestaan nie. Omdat Gód alleen ons kan red. En as die logika van hemel en aarde voorskrywe dat 'n mens moet boet en voldoen, wel, dan word God 'n mens. So lief het God sy kinders. Sit nou gou 'n stukkie Bybel by, en jy onthou dat Hy toe nie 'n pragmens (Superman) geword het nie, maar 'n nederige brose mens wat soos 'n slaaf lyk en uiteindelik soos 'n bandiet rondgeskop en opgehang is, en tog het God ons bly red. Hy het nie van plan verander nie, al hét Hy genoeg rede gehad om dit 'n duisend keer te doen.

Die Kategismus antwoord vraag 17 ietwat aan die moeilike kant: Sodat Hy, uit die krag van sy Godheid, die (ondraaglike) las van die toorn van God met sy mensheid kon dra, en (so) vir ons die geregtigheid (sondeloosheid) en die (ewige) lewe kon verdien en kon teruggee. As jy mooi stadig lees, sal jy sien dis tog nie so moeilik nie.

* * *

En nou kom die groot publieke geheim uit die vraagsak uit (wat vrg. 1 al uitgelap het):

Wie is hierdie Middelaar wat tegelyk ware God en ware (egte) regverdige (sondelose) mens is?

Ons Here Jesus Christus.

Voor ek nou bysê wat die Kategismus ook bysê, wil ek net weer beklemtoon dat die "soektog" na 'n middelaar dus 'n "kamma-soektog" was. Ons hét 'n Middelaar. Die katkisant is net gehelp om te verstaan hoe dit dan gekom het dat Kersfees en Golgota nodig was. Die beroemde vraag wat Anselmus geformuleer het: Cur Deus homo? (Gaan vra jou onderwyser.)

Nou sê die Kategismus (vrg. 18) dat ons Here Jesus Christus deur God aan ons geskenk is (ons het Hom nie gesoek en gekry nie, en is ook nie deur iemand na Hom toe gelei asof Hy êrens gewag het nie); Hy is geskenk "tot wysheid" (Hy het ons wys gemaak); "tot heiligmaking" (Hý het ons heilig gemaak, toe Hy ons sonde op die kruis afgewas het. Dis onsin dat Hy iets soos 'n groot gebaar op en met die kruis gemaak het, en nou rus die verpligting op óns om onsself heilig te maak, te "groei" heet dit deesdae); en tot 'n volkome verlossing".

Dit verstom my altyd dat mense wil redeneer of ons nou volledig op die kruis gered is of nie. Hier staan dit dan in soveel woorde — met verwysing na (o.m.) 1 Kor. 1:30 — " tot 'n volkóme verlossing". Kant en klaar. Daarom kan ons maar as babatjies gedoop word. Net die dankie-sê bly oor, maar dis nie deel van die verlossing nie.

Laaste vraag (19): Waaruit weet jy dit?

Moet nou nie sê uit die Kategismus nie, dan het jy aan die begin geslaap.

Uit die heilige evangelie wat God self eers (eerste?)

**DIE HELE BYBEL STAAN IN DIE ANTWOORD OP VRAAG 19. DIE BYBEL IS VEEL RYKER AS DIE KATEGISMUS — WAT MAAR NET 'N INLEIDING WIL WEES.**

in die paradys geopenbaar het, daarna deur die aartsvaders (Abraham, Isak, Jakob) en die profete (van Moses tot Maleagi) laat verkondig en deur offerandes en ander seremonies van die wet vooraf laat afbeeld het, en uiteindelik deur sy eniggebore Seun vervul het.

En daar staan die hele Bybel in hierdie één sin. Jy wou mos weet hoe sit Bybel en Kategismus in mekaar. In die paradys al het God na die msne gaan soek wat bewend van Hom af weggevlug het, sê die Nederlandse Geloofsbelydenis so mooi, met die aartsvaders het Hy die belofte laat voortdra ondanks hulle wankelende geloof, gelieg en geknoei, en met die profete het Hy dit al skriller laat sê al wou die profete soms nie, en al het die mense die profete doodgemaak omdat hulle hulle nie wou glo nie. (Hebr. 11:32-40) Ten slotte het God toe self 'n volmaakte Mens gemaak en geword wat dus ook God is, en al die skuld tot die dag van jou dood toe met sý dood betaal.

Want die mense, ons, was so sleg dat hulle, ondanks die evangelie van paradystyd al, Jesus ook nie wou glo nie, en Hom toe doodgemaak het. Toe red God ons vir ewig met sy dood, want die Bose het toe nie meer 'n saak gehad nie.

**SKAKELING**
**van bl. 11**

na watter kerk toe jy wil, al ry jy by vyf verby. En dis glad nie snaaks as 'n goeie Bybelgetroue gesin in één leeftyd Metodis, Presbiteriaan, Anglikaan en lidmaat van die United Reformed Church was nie. Selfs 'n (Calvinistiese) Baptist. Dit het afgehang van wie hulle eerste besoek het, en of hulle van die reverend gehou het.

Wil 'n NG Gemeente dus op 'n dag in sy kontrei die gemeenskap van die gelowiges oor die gevestigde kerkgrense heen laat beoefen, moet hy hierdie situasie in ag neem. Daar moet duidelik vasgestel word wat die oortuiging van die plaaslike anderstalige leraar(s) is en dan moet 'n byeenkoms versigtig en met wysheid beplan word. Dink net aan die konsternasie as dit eers op die byeenkoms blyk dat die leraar nie aan die opstanding van Christus glo nie.

**SKAKELING MET DIE WOELIGE SEKTARIESE BEWEGINGS IS DIE MOEILIKSTE, MAAR ONS MOET MET HULLE OOK SKAKEL WANT ONS HET SO VEEL OM VIR HULLE TE Sê.**

Maar dit is moontlik, en nodig, en, met die NG Kerk se nuwe gesangboek, is daar 'n groot aantal liedere wat ons saam sal kan sing — al doen ons niks anders nie.

Met Lutherane behoort daar, na die beste van my wete, geen probleem met skakeling te wees nie, mits die taalprobleem oorbrug, en daar nie oor die nagmaal gepraat word nie.

## SEKTARIESE BEWEGINGS

Die moeilikste skakeling lê by die woelige sektariese bewegings.

Die AGS vorm daar 'n tussengroep wat graag 'n kerk wil wees en dit blykbaar ook stadigaan word. In hulle kerkorde — wat hulle meer as een skeuring gekos het — het hulle ingeskrywe dat hulle nie proseliete maak nie, en dit doen weldadig aan, hoewel papier geduldig is.

Die probleem met alle sektariese bewegings lê dáárby dat hulle so bitter onverdraagsaam is. Hulle beskuldig ons nou wel van onverdraagsaamheid as ons teen hulle woelery optree, maar in praktyk is húlle die onverdraagsames want hulle verdra die gevestigde kerke nié. Hulle uitgangspunt is dat ons gewone ouens, byvoorbeeld in die NG Kerk, ongered is en daarom kán hulle ons nie met rus laat nie. Dan sal ons bloed van hulle hande geëis word. As ons dan beweer dat ons wel gered is, moet ons verduidelik waarom ons ons dan nie in gehoorsaamheid laat doop nie. Sê ons ons is al gedoop, sê hulle nee, dit was geen doop nie. Wie doop nou 'n beskuit in koffie deur 'n paar druppels koffie met jou vinger op die beskuit te skiet. Doop is doop. Daarom verdra hulle nie ons doop nie, en doop hulle almal wat hulle van ons kan bykom. Hulle doop hulle nie "oor" nie, sê hulle, hulle doop hulle die eerste keer.

En dan het ons nog maar met die makste voorbeelde te doen. Word tale praat ook 'n vereiste, dan word die kloof al wyer, en kry jy maklik 'n Babelse verwarring.

Elke mens sal kan begryp dat skakeling met dié ywerige mense 'n katjie is wat nie sonder handskoene aangepak word nie. Skakeling vind normaalweg op gelyke voet plaas, maar in hierdie geval kan dit nie.

En tog moet ons met hulle praat. Ons het so veel om vir hulle te sê.

Ons aanbeveling is dat skakeling met die garismatiese groot-doop-christene hoofsaaklik die vorm van konferensies aanneem. Daar moet duidelik aan hulle gestel word dat dit nie anders kan nie, en dat ons eers met hulle op gesamentlike aanbiddingsvlak sal kan skakel die dag as hulle ons doop erken — as dit voor die wederkoms gebeur. Ons wil dus net graag met hulle praat. Daar kan gelees en gebid word voor en ná, maar liefs niks meer nie. Die sang en musiek waarvan hulle hulle bedien is so deurdrenk van die gees en karakter van hulle (naturalistiese) gevoelsgodsdiens dat ons werklik net skade kan berokken aan die gemoedere van die swakke broers en susters in ons eie geledere.

Georganiseerde skakeling met die nie-erkende sektes soos die Mormone, Jehowagetuies en Ou en Nuwe Apostels, word hoegenaamd nie aanbeveel nie, want dit is 'n gewetensvraag of hulle hoegenaamd op die adjektief "Christelik" kan aanspraak maak.

## DIE ROOMS-KATOLIEKE

Die Rooms-Katolieke sal nie amptelik met ons skakel nie omdat hulle ons nie erken nie. Konferensie-skakeling is egter moontlik, en wenslik.

**Tit. 3:10: "Met iemand wat na twee vermanings nog skeuring veroorsaak, moet jy niks te doen hê nie."**

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/2 MEI 1986*

# Hersien die Bybelvertaling

Die 1933-Bybelvertaling is taalkundig hersien en die verbeterde uitgawe het in 1952 verskyn. Ek wil baie ernstig pleit daarvoor dat dieselfde met ons '83-vertaling gedoen word. Veral die vertaling van die briewe van Paulus is 'n magtige verbetering op die vorige een, maar die historiese gedeeltes — wat nie eintlik 'n probleem was nie — is nou in 'n soort Afrikaans vertaal wat plek-plek darem nie in die Bybel pas nie.

Neem byvoorbeeld die gebruik van die gemeensame woorde "pa" en "ma". Dit kan, in dialoog, waar dit op sy plek is, maar "vader" en "moeder" is tog geen verouderde woorde in Afrikaans nie? As die vertalers dan konsekwent wou wees, moes hulle die gebed wat Jesus ons geleer het, ook vertaal het met "Ons Pa, wat in die hemel is", maar daarvoor het hulle (gelukkig) tog nie kans gesien nie.

Soos ons katkisasieboeke dogmatoloë (nie sommer enigeen nie) dringend benodig, so benodig ons Bybelvertaling goeie Afrikaanse skrywers.

# Tafelgebed

Wim Wijenberg, my buurman, oor wie se kleinkinders ek al te vore geskryf het, ken die mooiste tafelgebed wat sy vader nog in Holland gebid het.

O Vader die al het leven voedt
kroon onze tafel met uw zegen
en spijs en drenk ons met het goed
door u milde hand verkregen
Leer ons voor overdaad ons wachten
doe ons gedragen so als het behoort
laat ons het hemelse betrachten
sterk onze zielen door u Woord
AMEN

# Winklespruit?!

Wat het tog nou weer op Winklespruit gebeur? Die jongmense kom vandaar af terug òf verwaand òf verward. Die een sê, nogal parmantig, die Oom sê die Heilige Gees is 'n perfect gentleman wat nie sal inkom voor ons Hom nie innooi nie. Eers nooi mens Jesus in, en dan die Heilige Gees, en daar is twéé soorte Christene: vleeslikes en geestelikes, maar almal gaan darem gelukkig hemel toe.

Wat het geword van die omsendbrief wat gesê het die ACSV sal voortaan met ons kinders werk as verbondskinders?

Kinders, luister mooi: God is die géwer van al die goeie gawes. Hy géé die Heilige Gees, soos Hy Jesus aan ons gegee het. Ons is die verleë bedelaars wat ontvang, nie God nie. God ontvang nie ons harte nie, en ook nie ons uitnodigings nie. Die deure van die ewigheid skarnier na buite.

# Die Mossie-gebed — vervolg

In die vorige uitgawe het ek vertel van die gebed langs die siekbed wat dikwels begin met die vermelding van God wat weet van elke mossie wat op die aarde val. Toe lê dr. Roelie in die hospitaal en Jeanette sit langs sy bed, en die dominee van êrens in Bellville begin bid. "Here, U weet van elke mossie wat op die aarde val. Hoeveel te meer..." En toe hy amen sê, sê Jeanette: "Het jy Swart op Wit gelees?!" Ja, glimlag hy.

# Twee Standpunte?

'n Selfversekerde godsdienstige jeugleier dreig om 'n jong kollega aan te kla by die Ring omdat hy die katkisante leer hoe dit gekom het dat ons kinders van die Here is, en nie die tegniek hoe om kinders van die Here te word nie. Toe raadpleeg die klaer 'n professionele teoloog en dié raai hom af want, sê die doktor, daar is twéé standpunte daaroor in die NG Kerk.

Kan dit waar wees? Daar mag tién standpunte in die NG Kerk wees, maar kan daar meer as één belydenisgetroue standpunt wees oor die volkomenheid van Christus se verlossingswerk aan die kruis? En die verbond — dat God Hom al aan ons verbind het, aan ons verbond-e was, vóór ons dit nog geweet het? Dat ons kinderdoop die swart op wit versekering is dat ons God se kinders ís omdat Hy ons in Christus aangeneem het?

Behoort die deskundige adviseur nie beter te weet en te getuig téén die verkeerdheid van die verkeerde van die twee standpunte nie? Eerder as om dit gelate te aanvaar? Daar is tog nie twee standpunte in die belydenisskrifte nie.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/2 MEI 1986

**ONDERBROKE GEBED**
**van bl. 20**

praat nie. Nee, sit eers net neer die pistool. Kyk, Boeta, ek is net 'n mens. Ek is ook bang. Ek het baie sonde. Ek sal saam met jou gaan, maar ek wil eers bid. Ek wil eers vir ons bid. Ek sal vir jou ook bid. En vir Kallie en klein Boeta. Asseblief. Laat ons net bid dat ons hemel toe gaan. Wat sal dit help as ons ons oë in die hel oopmaak?"

Hy het nie gewag nie. Hy het sy hande gevou, voor hom op die tafel, en vooroor gebuig. Die laaste wat hy kon sien, was hoe groot die wit van Pansegrouw se oë is en die spuugskuim in sy mondhoeke.

"Here, onse God..." Sy asem was byna op en sy hart in sy keel. "U is nou hier by ons. U sien alles wat gebeur. Ons is altwee sondaars wat die dood verdien. " As die man net nie skiet terwyl hy bid nie. "En U is almagtig."

Nou moet hy loer. Maar nie ophou bid nie.

"Sal u dan nie in u ryke genade ons twee sondaars..." – die man se oë is toe. Sy hande het krampagtig opgetrek en gevou teen sy bors.

Die volgende oomblik is die pistool in Lourens se hande. Hy spring agteruit en haal oor. Die ongebruikte patroon vlieg oor die kombuisvloer. Die haan staan dreigend terug.

"Staan terug Boeta! Jy kom nie nader nie!"

"Maar jy het dan nie amen gesê nie." Die verbasing verdring 'n oomblik lank byna kinderlik die harde verbete waansin.

"Jou vark! Jou f..... bedrieër! Jou lafaard! Ek sal jou moor!"

"Staan terug Boeta!! Bly daar! Los die stoel! Ek waarsku jou – gee pad!"

Die skoot het soos 'n kanon in die leë huis gebulder. Boeta Pansegrouw hou nie speelgoed aan nie.

"Jou bliksem, jy't my ge...", en toe het hy vooroor, van sy knieë af, oor die tafel gegly terwyl die bloed nie meer spuit nie, net gelykmatig vloei uit die gat in sy harige bors.

Geen pols nie.

Die polisie bel uit die gang.

Buite 'n tortel wat weer begin koer.

'n Onbegryplike dodelike kalmte, maar as die konstabel anderkant antwoord, kan hy byna nie sy kake van mekaar afkry nie.

En die wete van die naskok, soos altyd. En die vraag wat nie geantwoord sal kan word nie: Het die grootste sondaar gegaan of gebly?

Tot hy langs die telefoon neersak, as die polisieman sê hy kom dadelik, en die gebed voltooi: "Here, wees ons, sondaars, genadig. Amen."

**SWART OP WIT**

Redakteur: Manie Malan

Mederedakteur: Elmer Erlank

ADRESSE

Bydraes: Die Redakteur, posbus 15185, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105
Administrasie: Claritas, posbus 15621, LYNN EAST 0039
Tel: (012) 821153

OUTEURSKAP

Alle artikels waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur.

KOSTE

Intekengelde beloop R20 per keer en is vooruitbetaalbaar.
Een uitgawe van 20 bladsye kos ongeveer R3.

FREKWENSIE

SOW verskyn telkens as hy gereed is, maar nie meer dikwels as een keer per maand nie.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 2/2 MEI 1986

*'n Kort Kortverhaal*

# DIE ONDERBROKE GEBED

*deur Johan Herman*

**DIE ENIGSTE PLAN WAT DIE PREDIKANT KON MAAK MET DIE PISTOOL VOOR Oë, WAS OM OP TE HOU BID.**

Hulle het hom gewaarsku teen Pansegrouw, maar eers toe Pansegrouw se pistool tussen hulle lê, het hy werklik die erns van die oomblik besef. Hy dag hy ken die man goed genoeg.

"Predikant! Jy het hulle laat wegkom, nou gaan jý saam!"

"Boeta, wag, laat ons eers praat..."

"Geen gepraat nie! Ek is klaar! Ek belowe jou as ek jou geskiet het, skiet ek myself. Dadelik. Jy sal nie lank wag nie. Sien jou anderkant!"

En tog het hy die pistool nie heeltemal opgelig nie. Die wapen was nie op veilig nie, maar waarskynlik was daar 'n patroon in die loop. Net die haan moet teruggetrek word.

"Boeta, waarom wou jy die kinders skiet?"

"Waarom skiet mense hulle vrou en kinders en dan hulleself? Dis alles of niks. Waarom moet die wêreld sy gatkant vir húlle ook wys? Ons sou baie gelukkiger gewees het as jy jou neus hier uitgehou het. Jy vertel mos self van die moordenaar wat paradys toe is!"

Sy oë het groen gegloei met groeiende waansin. Sy neus was nog stomper as gewoonlik. Die man met twee Swartes op sy kerfstok. Vyf plase. Twee egskeidings – met dieselfde vrou. Die hertrou was net sodat sy nie met die helfte moet heengaan nie.

"Wil jy nog iets sê predikant? Jy met jou mooi stories. Genade. Genade. Dan sal daar mos vir mý ook wees. As ek dood is, hou ek op sonde doen. As ek nie kan verduidelik nie, kan jy. Miskien weet hulle daar in die hemel ook nie presies hoe dit werk nie. Dan kan jy hulle inlig. So slim soos jy was toe jy die regter gehelp het om my tweede huwelik ongeldig te verklaar."

"Boeta, daar is nie genade vir iemand wat met gebalde vuiste sterf nie. Los daai pistool. Ek sal saam met jou gaan. Ek is nie bang nie. Maar gee my net kans om nog bietjie te praat. Jy's tog nie haastig nie?"

"Wat praat? Wat sal dit help om nog te praat? Ek het klaar besluit. Nie jy of jou God sal my keer nie!"

* * *

Lourens se hande het onder die tafel gesweet, en sy broek was skielik koud teen sy kuite. As die man redelik was, net ietwat redelik, maar die oplaaiende drif was besig om moordende histerie te word.

Tussen hulle die kombuistafel. Drie voet ses. Onder Boeta Pansegrouw se harde hand die blink Baretta.

En skielik in Lourens se gedagtes die verhaal van die Brandfortse prokureur wat vertel van die één geval in sy loopbaan waaroor hy nog altyd wonder. Wonder wat God daarvan dink. Toe hy die vroutjie moes meedeel dat haar ryk ou man, met wie sy gedwing is om te trou, haar nie 'n rafel nagelaat het nie omdat daar nie kinders uit die huwelik gebore is nie. Hoe geskok sy was omdat sy nie van dié bepaling geweet het nie. Toe het hy gevra of die onderwyser aan wie sy twaalf jaar te vore verloof was, nog vry is, en toe is hulle haastig Johannesburg toe, sy en die man wat haar liefgehad het, en toe die baba gebore is, was dit binne tien maande, en die wet het dit destyds geag haar oorlede man se kind te wees.

Toe het hy, Lourens, die prokureur gerusgestel, en gesê God verstaan veel meer dinge as wat mense kan.

* * *

"Boeta, wag nog net 'n bietjie. Ek sal nie meer

Na bl. 19